SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2017

## GRAAD 11

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 1**

## NASIENRIGLYNE

**20 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 1)**

**MEMORANDUM**

---

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A ✓✓ insette
1.1.2 C ✓✓ buitelandse direkte investering
1.1.3 D ✓✓ volle indiensneming
1.1.4 C ✓✓ nasionale paaie
1.1.5 A ✓✓ vlak van per kapita inkomste
1.1.6 B ✓✓ verlaging in kindersterftes
1.1.7 D ✓✓ Lorenz kurwe
1.1.8 B ✓✓ terugkoopkoers (8 x 2) (16)

1.2 **BYPASSENDE ITEMS**

1.2.1 F✓ Die dokument dui aan hoe die regering beoog om sy uitgawes oor 'n gegewe tydperk te finansier.

1.2.2 E✓ 'n Proses waar buitelandse lande hulle ondernemings vanuit 'n land onttrek.

1.2.3 H✓ Die instansie is in 1983 gestig om ekonomiese in Suider Afrika te bevorder.

1.2.4 A✓ Ondernemings wat deur die owerhede beheer word.

1.2.5 B✓ Staatsinmenging om werkers te beskerm teen onbillike arbeidsparktyke.

1.2.6 D✓ 'n Beleid wat daarop gemik is om swart eienaarskap in die ekonomie te vermeerder.

1.2.7 C✓ Die verwantskap tussen insette en uitsette.

1.2.8 G ✓ Die somtotaal vir die vergoeding van die produksiefaktore in 'n land. (8)

**1.3 IDENTIFISEER KONSEPTE**

1.3.1 Per kapita inkomste ✓

1.3.2 Informele sektor ✓

1.3.3 Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse ✓

1.3.4 Ekonomiese integrasie ✓

1.3.5 Mikro finansiering ✓

1.3.6 SADU ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 **Noem TWEE groepe wat bydra tot kapitaalvorming in ’n land.**

- huishoudings / verbruikers ✓
- ondernemings ✓
- owerhede / die staat / openbare sektor ✓
- buitelandse sektor ✓ Enige (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is alle ekonomieë gemengde stelsels?**

- Daar is ’n mate van staats- / regeringsinmenging ✓✓
  (Aanvaar enige relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 **Gee ’n voorbeeld van ’n primêre inkomste uit die res van die wêreld.**

- SA burgers wat in die VK werk en daar geld verdien. ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (1)

2.2.2 **Word ’n subsidie bygetel by basiese pryse of nie?**

- Afgetrek ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf die konsep Bruto Binnelandse Produk.**

- Die totale waarde van finale goedere en dienste wat gedurende een jaar binne die landsgrense geproduseer word. ✓✓ (2)

2.2.4 **Verduidelik die verskil tussen *huidige pryse* en *konstante pryse***

- Huidige pryse – (nominale pryse) Dit neem nie die veranderinge in die algemene prysvlak in aanmerking nie / gee inflasionêre effek nie. ✓✓
- Konstante pryse – (Reële pryse) Die verandering in die algemene prysvlak word in ag geneem (inflasie bygereken) ✓✓ (4)

2.2.5 **Bereken die waarde van A in bogenoemde tabel. (Toon berekeninge)**

- Bruto binnelandse produk teen markpryse: R 2 964 805
- Plus: Primêre inkomste vanaf die wêreld: 48 501
- Minus: BNI teen markpryse: 2 978 806✓
  Primêre inkomste aan die wêreld (A) 34 500 ✓ (2)

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 **Watter ekonomiese boodskap word deur die spotprent uitgebeeld?**

- Die mense kry swaar weens korrupsie in die regering ✓
- Die regering misbruik staatsfondse ✓ (1)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

2.3.2. **Wat dui aan dat sosiale dienste nie effektief gelewer word nie?**

- Verlaagde lewenstandaard (welsynstoestand nie goed nie, bv. toenemende armoede en wanvoeding) ✓
- Hoë vlakke van geweld / toenemende korrupsie ✓
- Toenemende getal mense sonder huise ✓
- Agteruitgang in gesondheidstoestande – geen medikasie vir siek persone by hospitale en klinieke nie ✓
- Agteruitgang in geletterdheids- en wiskundige vaardighede✓
- Sosiale geweld vermeerder / beskadiging van persoonlike eiendom / ondernemings ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

(1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die nasionale begroting.**

- Die regering se beplande inkomste en uitgawes vir die finansiële jaar. ✓✓ (2)

2.3.4. **In jou eie opinie, hoe kan korrupsie elimineer word?**

- Om korrupte amptenare te verwyder vanaf parlement / openbare posisies ✓✓
- Om die misbruik van staatsfondse te beheer ✓✓
- Om die toekenning van staatstenders te monitor ✓✓
- Om nepotisme / oneffektiewe amptenare te vermy ✓✓ (2 x 1) (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

2.3.5 **Hoe spandeer verbruikers hul inkomste in die nasionale ekonomie?**

- Nie-duursame goedere behels die goedere wat slegs eenmalig gebruik kan word, bv. brandstof, vuuraanstekers en voedsel. ✓✓
- Semi-duursame goedere behels die items wat vir ŉ relatiewe kort tydperk hou, bv. klerasie. ✓✓
- Duursame goedere is die goedere wat vir lang tydperke hou, en herhaaldelik gebruik kan word, bv. voertuie. ✓✓
- Dienste is nie-materialisties en word gebruik soos dit produseer word, bv. haarsnye. ✓✓ (2 x 2) (4)
  (Aanvaar enige relevante voorbeelde) (Maks van 2 punte vir voorbeelde gelys en laer-orde opskrifte, Maks 2 punte)

2.4 **Onderskei tussen kapitaalverbreding en kapitaalverdieping?**

**Kapitaalverbreding**

- Dit vind plaas indien die kapitaal-voorrade vermeerder teen dieselfde tempo as die werksmag sodat die produksievlakke gehandhaaf word. ✓✓
- Kapitaal veroorsaak dat ekonomiese groei plaasvind. ✓✓
- Ekonomiese groei vind juis plaas indien die hoeveelheid kapitaal in die ekonomie toeneem teen ŉ tempo wat gelyk is aan of selfs hoër is as die vermeerdering in die getal werkers in die arbeidsmag. ✓✓ (4)

**Kapitaalverdieping**

- Dit vind plaas indien die hoeveelheid kapitaal per werker vermeeder. ✓✓
- Die kapitaalvoorraad is dan meer as die aantal werkers. ✓✓
- Dit is dan veral belangrik vir ekonomiese groei in ŉ land. ✓✓ (4)
- (Ken slegs 4 punte toe vir die lys van feite / voorbeelde) (2 x 4) (8)

2.5 **Hoe tree die regering op as die sentrale besluitnemer in ŉ sentraal-beplande ekonomiese stelsel?**

- Die staat is die grootste ekonomiese entiteit in die ekonomie wat ŉ groot aantal mense in diens neem (openbare amptenare) om die ekonomiese beleide vanaf ŉ sentrale posisie uit te voer.) ✓✓
- Dit skep ŉ burokrasie van ŉ “groot regering”. ✓✓
- Privaat inisiatief en vrye keuse van die indiwidu is beperk (sosialisme) of bestaan selfs nie eens nie (kommunisme). ✓✓
- Die staat dikteer aan die indiwidue watter tipe beroepe hulle moet volg en in watter industrieë hulle moet werk. ✓✓
- Die staat beheer alle hulpbronne tot voordeel van alle landsburgers
- Die staat verrig dan die entrepeneurs funksies. ✓✓

- Die staat beheer ook die behoeftes en benodigdhede van die verbruiker deur die vernaamste goedere en dienste vir almal in gelyke hoeveelhede te verskaf. ✓✓
- Daar bestaan geen surplus produksie nie aangesien daar geen winsmotief is nie. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (8)
  (Ken slegs 2 punte toe vir die lys van feite / voorbeelde) **[40]**

**VRAAG 3 EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**3.1** 3.1.1 **Noem TWEE sosiale aanwysers wat met inkomsteverdeling verband hou.**

- Lorenz kurwe ✓
- Gini koëffisiënt ✓
- Kwintiele verwantskap ✓
- Hoof-telling indeks ✓
- Menslike Ontwikkelingsindeks ✓
- Armoedegrens / armoede gaping ✓ Enige (2 x 1) (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.1.2 **Waarom dink jy moet die staat meer bestee aan infrastruktuur ontwikkeling?**

- Om ekonomiese groei te bevorder ✓✓
- Om werkloosheid te verminder ✓✓
- Om lewensstandaarde te verhoog ✓✓
- Om armoede te verlig ✓✓
- Om industriële ontwikkeling aan te moedig ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.2 **DATA RESPONS**

3.2.1 **Identifiseer, vanuit die bostaande inligting, die handelsooreenkoms tussen Afrika en Amerika(VSA)**

- Die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) ✓ (1)

3.2.2 **Beskryf, vanuit bostaande uittreksel, die rede waarom sommige ontwikkelande lande die Noord / Suid gaping vernou.**

- Geleenthede vir meer gelyke handel en kapitaalvloei. ✓ (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks die handelsverhouding tussen lande in die Noord / Suid verdeling.**

**Ontwikkelende lande:**
- Hoofsaaklik betrokke by die uitvoer van grondstowwe na ontwikkelde lande toe en die invoer van vervaardigde goedere vanaf ontwikkelde lande. ✓✓

**Ontwikkelde lande:**
- Voortgesette subsidies op die produksie van hulle landbou goedere, wat dit vir die ontwikkelende lande bemoeilik om mee te ding. ✓✓
- Dring daarop aan dat ontwikkelende lande hulle tariewe op vervaardigde goedere elimineer. ✓✓
- Die meeste ontwikkelende lande het baie min buitelandse handel tot hulle beskikking. ✓✓ (2 x 2) (4)

3.2.4 **Waarom sal die Gini-koëffisiënt van lande in die Noorde verskil van lande in die Suide?**

- Lande in die Noorde (G8 lande) het 'n hoër per kapita inkomste weens hulle hoë BBP en lae werkloosheid. ✓✓
- Die Gini-koëffisiënt in die Noorde sal nader aan 0 wees as gevolg van die meer eweredige inkomste-verspreiding, in vergelyking met lande in die Suide, waar die Gini-koëffisiënt nader aan 1 sal wees weens ongelyke inkomste-verdeling. ✓✓
- Redes: ondervind hoë werkloosheidsvlakke, lae industrialisasie, vorige politieke beleide in die Suide. ✓✓ (2 x 2) (4)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.3 **DATA RESPONS**

3.3.1 **Watter koste is verantwoordelik vir die drastiese styging in klein leningskoste?**

- Die Administrasie koste ✓ (1)

3.3.2 **Watter koste bly konstant?**

- Die maandelikse diensfooi ✓ (1)

3.3.3 **Wat sal die uitwerking op die koste vir die lening wees as die maandelikse diensfooi verwyder word?**

- Dit sal die koste van krediet verlaag / dit sal krediet meer bekostigbaar maak, aangesien die verbruiker minder sal betaal. ✓✓ (2)

3.3.4 **Bereken die totale koste van krediet vir ’n R500 lening oor een maand.**

- R 25 Rente
  R 79 Administrasie koste
  R 50 Maandelikse diensfooi
  **R 154** ✓✓ (2)

3.3.5 **Watter impak sal hierdie hoë koste vir klein lenings op lae inkomste verbruikers hê?**

- Die koste van krediet sal te duur word vir armes / onbekostigbaar ✓✓
- Arm mense sal minder besteebare geld hê om op goedere en dienste te spandeer / meer armoede ✓✓
- Die arm mense sal sukkel om hulle lenings te betaal ✓✓
- Mense sal betalings oorslaan en op die swartlys beland, wat toekomstige krediet bemoeilik ✓✓ (2 x 2) (4)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.4 **Bespreek die doelwitte van *klein ondernemings ontwikkelings agentskappe* (SEDA) en die *nasionale vaardigheidsontwikkeling-strategie* (NOVS) as strategieë vir ontwikkeling**

***Klein Ondernemings Ontwikkelings Agentskappe* (SEDA)**

- Betrokke met die voorsiening van informasie / tegnologie aan klein ondernemings. ✓✓
- Verskaf fondse vir die vestiging van klein ondernemings. ✓✓
- Verskaf ook inligting oor moontlike markte vir klein ondernemings. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (Maks. 4)

**Die *Nasionale Vaardigheidsontwikkeling-Strategie* (NOVS)**

- Die NOVS verskaf ’n raamwerk vir vaardigheidsontwikkeling in die werksplek. ✓✓
- Die doelwit is om ’n kultuur te skep vir lewenslange, hoë kwaliteit van leer. ✓✓
- Die NOVS beoog om SEB te bemagtig en gelyke indiensneming te bevorder. ✓✓
- Die nuutste doelwitte is gerig op institusionele leer, verbind tot beroepsgerigte programme. ✓✓ (Maks. 4)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
  (Dien ’n maksimum van 4 punte toe vir die lys van feite / voorbeelde)

(2 x 4) (8)

3.5 **Hoe kan belegging in sosiale (menslike) kapitaal ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika bevorder?**

- Sosiale kapitaal is ook bekend as menslike ontwikkeling ✓✓
- Die arbeidsmag kan opleiding ondergaan en vaardighede ontwikkel wat kan lei tot beter werkgeleenthede en sodoende toenemend hulle behoeftes kan bevredig ✓✓
- Bogenoemde sal dan werkers se produktiwiteit en werksetiek verbeter ✓✓
- ʼn Goed opgeleide arbeidsmag sal bydra tot die vermeerdering in mededingende produkte in markte ✓✓
- Uitsette kan dus verhoog en ekonomiese groei kan uitbrei, wat weer ʼn positiewe effek op ekonomiese ontwikkeling sal hê. ✓✓
- **Dit kan lei tot werkskepping en beïnvloed die algemene lewenstandaard.**

(Ken slegs 2 punte toe vir die lys van feite / voorbeelde) (8)

**[40]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 **Noem TWEE ekonomiese lekkasies.**

- Besparings ✓
- Invoere ✓
- Belasting ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Watter impak maak die Uitgebreide Openbare Werke Program (EPWP) in jou plaaslike gemeenskap?**

- Gemeensprojekte word geïdentifiseer ✓✓
- Werkskepping vind plaas, terwyl gemeenskaps-opheffing terselfdertyd gebeur ✓✓
- Armoede word verlig ✓✓
- Inkomste word aan die werkloses verskaf ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2)

4.2 **DATA RESPONS**

4.2.1 **Noem die sektor wat verantwoordelik is vir elektrisiteit, gas en water.**

- Sekondêre sektor ✓

4.2.2 **Watter sektor dra die meeste by tot die Bruto Toegevoegde Waarde teen basiese pryse vir 2015?**

- Tersiêre sektor ✓

4.2.3 **Beskryf kortliks die volgende stelling: "Die bydrae van die primêre sektor het teen 'n dalende koers toegeneem?"**

- Die bydrae van die primêre sektor is afnemend / natuurlike hulpbronne word skaars. ✓✓ (2)

4.2.4 **Hoe dra die primêre sektor by tot die ekonomie?**

- Verskaf grondstowwe vir die sekondêre industrieë ✓✓
- Dit verskaf krag aan die ekonomie, soos steenkool aan Eskom ✓✓
- Dit stimuleer ekonomiese groei in die land ✓✓
- Die sektor verdien buitelandse valuta en stimuleer handel✓✓
- Dit dra by tot die BBP van die land ✓✓
- Dit verskaf werkgeleenthede en opleiding aan mense (vaardighede) ✓✓
- Dit produseer voedsel aan die mense van 'n land ✓✓
- Die staatsinkomste verhoog deur middel van belasting ✓✓ (2)

4.2.5 **Wat is die verwantskap tussen die sekondêre sektor en die tersiêre sektor?**

- Die sekondêre sektor vervaardig goedere en dienste met basiese grondstowwe vanaf die primêre sektor. ✓✓
- Die tersiêre sektor versprei die goedere en dienste, waardeer markte nader aan die verbruiker geskep word vir finale verbruik. ✓✓ (2 x 2) (4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.3 **DATA RESPONS**

4.3.1 **Identifiseer TWEE vorige strategieë vanuit die uittreksel wat gebruik is om ekonomiese groei in Suid-Afrika te bevorder.**

- GEAR – Groei, Indiensneming en Ontwikkeling ✓
- NGP – Nuwe Groeipad ✓
- NVS – Nasionale Vaardigheidsontwikkeling Strategie ✓(2 x 1) (2)

4.3.2 **Wat is die hoofdoelwit van die NOP?**

- Dit verskaf 'n aanwyser aan die regering vir 2030 / armoede verligting / ekonomiese groei / ekonomiese ✓✓ transformasie / volhoubare werksgeleenthede / inkomste verspreiding ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2)

4.3.3 **Watter negatiewe invloed sal die NOP op belastingbetalers hê?**

- Die implementering van die NOP vereis toenemende hoër inkomste – meer en hoër belasting sal benodig word ✓✓
- Verlaging in besteebare inkomste op groot skaal ✓✓
- Hoër vlakke van wanbestuur en korrupsie, wat dienslewering aan armes benadeel ✓✓ (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.3.4 **Hoe suksesvol sal die implementering van die NOP, na jou mening, in die Suid-Afrikaanse ekonomie wees?**

- Goeie vordering is gemaak in die konstruksie van hernubare energiebronne sedert 2014, bv. sonkragplase en windplase✓✓
- Die lewensstandaard mag verbeter, wat armoedevlakke sal verlaag, bv. behuising, sosiale toelaes. ✓✓

EN / OF

- Daar is geen verbetering in die werkloosheidsvlak sedert 2014 nie, en die tendens sal waarskynlik toeneem, bv. werkloosheidsvlakke mag selfs verder toeneem ✓✓
- Die gaping tussen ryk en arm mense mag selfs meer toeneem ✓✓
- Die volgende doelwitte, soos vervat in die NOP, sal moeilik bereik word: 'n ekonomiese groeikoers van 5% (huidiglik 0,8%); werkskepping van 5 miljoen per jaar. ✓✓ (2 x 2) (4)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.4 **Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*.**

**Ekonomiese groei**

- Dit fokus op die produksie van goedere en dienste ✓✓
- Dit behels ŉ verhoging in die reële BBP oor ŉ gegewe tydperk ✓✓
- Dit behels ŉ verhoging in die produksie-kapasiteit van ŉ land ✓✓ (Maks. 4)

**Ekonomiese ontwikkeling**

- Dit behels ŉ verhoging in die reële per kapita BBP ✓✓
- Dit fokus op ŉ verhoging in lewenstandaarde ✓✓
- Dit behels verder die welsyn van die samelewing ✓✓ (Maks. 4)

(Ken slegs 4 punte toe vir die lys van feite / voorbeelde) (2 x 4) (8)

4.5 **Hoe word inheemse kennisstelsels deur die Suid-Afrikaanse regering bevorder en ontwikkel?**

- Inheemse kennisstelsels verwys na die magskennis in Suid-Afrika ✓✓
- Die magskennis is deel van die filosofie van Afrika, asook die sosiale praktyke wat oor baie eeue heen ontwikkel het ✓✓
- Die IKS (Inheemse Kennisselsels) beleid is in 2004 deur die Kabinet aangeneem en erken ✓✓
- Dit het die grondslag gelê vir die erkenning dat inheemse kennis toenemend belangrik is vir die voortbestaan en welsyn van die meerderheid Suid-Afrikaners ✓✓
- Dit erken die belangrikheid van IKS en beoog om alle aspekte van die kennis te bevorder en te beskerm ✓✓
- Wetenskaplikes werk nou saam met inheemse gemeenskappe om volhoubare landbou en goeie ekologiese praktyke te bevorder ✓✓
- IKS kan selfs gebruik word om armoede te verlig deur werkskepping ✓✓
- Plaaslike vlak basiese kennis en organisasies verskaf die basis vir ontwikkeling. ✓✓

(Ken slegs 2 punte toe vir die lys van feite / voorbeelde) (8)
**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou opstel sal soos volg nagesien word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde respons.<br>• ŉ Goeie vertrekpunt behoort ŉ bepaling te wees van die hoofkonsep wat verwant is aan die vraag<br>• Moenie enige deel van die vraag insluit in jou inleiding nie<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie<br>• Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed (Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe?/ Voorstelle | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoërorde samevatting behoort die volgende te bevat:<br><br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal.<br>• Enige opinie of waardeskatting omtrent die bespreekte feit.<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk.<br>• ŉ Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis.<br>• Aanbevelings / voorstelle. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

**Die veelvoudige behoeftes van die mensdom word bevredig deur die gebruik van produksiefaktore.**

- **Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die volgende produksiefaktore vir die produseerders van goedere en dienste:**

    - **Arbeid**
    - **Kapitaal**
    - **Entrepreneurskap** **(26 punte)**

- **Hoe het die grondherverdelingsprogramme (beleide) daartoe bygedra om die gemarginaliseerdes in die ekonomie te akkommodeer?** **(10 punte)**

**INLEIDING**

Ekonome verwys heel dikwels na die produksiefaktore as insette. Die finale produk of diens wat dan voortspruit uit die insette word uitsette genoem.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante definisie) ✓✓ **(Maks.2)**

**HOOFDEEL**

**DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN ARBEID**

- Produksie kan nie plaasvind sonder fisiese en geestelike pogings nie. ✓✓
- ʼn Ekonomie moet dus sy produksie vermeerder ten einde te groei. ✓✓
- ʼn Ekonomie benodig derhalwe ʼn geskikte arbeidsmag met die regte getal geskoolde en semi-geskoolde werkers. ✓✓
- Die tekort aan geskoolde arbeid, veral tegniese geskoolde werkers, word beskou as een van die ernstigste probleme in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. ✓✓
- Baie Suid-Afrikaanse ondernemings is arbeids-intensief, en die arbeidskoste maak dus ʼn groot deel van die produksiekoste uit. ✓✓
- Die produktiwiteit van die arbeidsmag bepaal die produksie-tempo, asook die kwaliteit en die uitsetkoste daarvan. ✓✓
- Indien die produksiekoste te hoog is, sal dit inflasie opstoot en die uitvoerpryse nie-mededingend maak op die internasionale markte. ✓✓
- Vakbonde word dan heel dikwels daarvan beskuldig dat hulle die loonpryse opskuif, maar sonder om metodes te soek om produktiwiteit te verhoog. ✓✓
- Die rol van vakbonde is egter baie belangrik in die beskerming van werkers, asook om meer te belê in volwasse onderrig en opleiding. ✓✓
- Onderwys speel ʼn belangrike rol in die ontwikkeling van arbeid in ʼn land. ✓✓
- Indien die arbeidsmag opgevoed en onderrig is sal hulle meer produktief wees. ✓✓
- Die Vaardigheidsfondswet van 1998 maak voorsiening dat 1% van ʼn werkgewer se salaris oorbetaal word aan die Nasionale Inkomste- Fonds. ✓✓
- Die geld word dan gebruik deur SETA's om die vaardighede van werkers te verhoog. ✓✓ (Maks. 10 punte)

**DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN KAPITAAL**

- Ekonomiese groei is 'n direkte gevolg van 'n verhoging in die kapitale bates van 'n land. ✓✓
- Besparings skep kapitaal, asook 'n groter belegging in kapitaalgoedere. ✓✓
- Besparings is dus die vertrekpunt van ekonomiese groei en vooruitgang. ✓✓
- Om die ekonomiese groeikoers van Suid-Afrika te verhoog moet die verbruikers se besteding eers toeneem. ✓✓
- Die gevolglike besparings kan dan gekanaliseer word na vaste beleggings. ✓✓
- Finansiële instellings sal meer geld beskikbaar hê om aan ondernemings te leen om hulle uitbreidings te finansier. ✓✓
- Dit sal lei tot meer werkgeleenthede en minder werkloosheid. ✓✓
- Die verhoogde inkomste van individue sal weereens besparings verhoog, en sodoende sal die siklus van ekonomiese groei voortgaan. ✓✓
- Die kapitaal word omskep in masjinerie en toerusting, wat gebruik word om hoë gehalte goedere te produseer. ✓✓
- Die goedere verhoog die plaaslike lewenstandaard deur die verskeidenheid en keuses vir die verbruikers te vermeeder. ✓✓
- Goedere kan ook uitgevoer word waardeur buitelandse valuta verdien kan word, en dus hoef die land minder in te voer. ✓✓
- 'n Opkomende ekonomie soos Suid-Afrika het 'n groot aanvraag na finale verbruiksgoedere. ✓✓ (Maks. 10 punte)

**EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN ENTREPRENEURSKAP**

- Entrepreneurs speel 'n baie belangrike rol in die bydrae tot groei en vooruitgang in die ekonomie. ✓✓
- Suid-Afrika het 'n geweldige hoë werkloosheidskoers, wat jaarliks verhoog. ✓✓
- Die formêle sektor kan nie meer werk verskaf aan alle Suid-Afrikaners nie. ✓✓
- Entrepreneurs in die informele sektor sal dus klein ondernemings oprig, en ook 'n belangrike rol vervul in die verskaffing van inkomste en werksgeleenthede.✓✓
- Volgens Statistieke Suid-Afrika sal Suid-Afrika omtrent 200 000 tot 300 000 nuwe entrepreneurs in die volgende paar jaar benodig om die huidige groeikoers in die land te handhaaf. ✓✓
- Die rol van swart bemagtiging sal 'n deurslaggewende rol speel ten einde die doelwitte te bereik. ✓✓
- Die sukses van swartmense (wat meer as 75% van die Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig) as entrepreneurs in die ekonomie sal uiteindelik die sukses van toekomstige ekonomiese groei bepaal. ✓✓
- Die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBBEE) maak spesifiek voorsiening vir die vooruitgang van die swart bevolking deur regstellende aksies in die werksplek. ✓✓
- Provinsies sal meer fondse moet kanaliseer na klein en medium ondernemings om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. ✓✓

- Afgesien van werkskepping, bring nuwe entrepreneurs nuwe goedere en dienste in, vermeerder mededinging en verlaag ook inflasie. ✓✓
- Die belasting inkomste van die staat vermeerder deurdat die entrepreneurs belasting op winste betaal. ✓✓
- Bogenoemde gebeur terselfdertyd wanneer die staat minder hoef te spandeer op werkloosheidsbetalings en ander sosiale welsynsdienste deurdat welvaart meer eweredig versprei word. ✓✓ (Maks. 10 punte)

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) **Maks. 26 punte**

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Die grondverdelingsprogramme het bygedra tot:

**Die grondrestitusie program:** ✓

- Die Wet op Grondrestitusie voorsien vir diegene wat hulle grond verloor het om dit wettiglik te kan terugeis of om daarvoor vergoed te word. ✓✓
- In gevalle van stedelike eise word die eisers gewoonlik finansieel vir die wettige verliese vergoed. ✓✓
- In gevalle van landelike eise word party grond aan die wettige eienaars teruggegee. ✓✓

**Die grondherverspreidingsprogram:** ✓

- Dit behels die beskikbaarheid van landbougrond vir boerderydoeleindes of vir voortbestaan. ✓✓
- Die klem was op die voorsiening aan die gemarginaliseerde groepe, met veral grond vir kleinskaal boerdery om ’n inkomste te verdien. ✓✓

**Die vennootskapsprogram: (boerdery)** ✓

- Plaaswerkers word sekere aandele opsies gegee (winsdeling) op plase. ✓✓
- Die werkers is verder betrokke in gesamentlike besluitneming op bestuursvlak.✓✓
- Werkers kry verder permanente lewensregte na ’n aantal jare of by aftrede, asook sekere ander byvoordele. ✓✓

**Die HOP behuisingsprogram:** (RDP) ✓

- Burgers met lae inkomstevlakke kan ook aansoek doen vir die gesubsidieerde HOP behuisingskema om blyplek te verskaf vir hulle families in nood. ✓✓
- Die regering subsidieer dan die infrastruktuur-koste, soos solarkrag geisers, voorafbetaalde kragmeters, ens. ✓✓

  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) **(Maks. 10 punte)**

**GEVOLGTREKKING:**

Suid Afrika het ŉ oorvloed van natuurlike hulpbronne, en indien dit produktief benut en tot volle potensiaal ontwikkel word kan ons land ŉ self-onderhoudende, vooruistrewende land word.✓✓

(Enige ander relevante slot) **(Maks. 2)** **[40]**

**VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES**

**ŉ Sentrale bank het funksies en verantwoordelikhede wat nie deur ander finansiële instellings uitgevoer word nie.**

- **Bespreek die hooffunksies van die SARB** **(26 punte)**
- **Wat veroorsaak bankmislukkings?** **(10 punte)**

**INLEIDING**

Die sentrale bank is ŉ instansie wat banknote uitreik en verantwoordelik is vir die beheer van die geldvoorraad en krediet in ŉ land en in belang van almal. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante definisie) **(Maks. 2)**

**HOOFDEEL**

- Die bank beheer en kontroleer al die aktiwiteite van handelsbanke en finansiële instansies. ✓✓
- Alle banke wat in Suid-Afrika bedryf word moet registreer en verslae aan die sentrale bank voorlê. ✓✓
- Die bankwese is ŉ riskante onderneming en die Reserwebank as laaste lener moet die situasie versigtig monitor. ✓✓

**Die SARB reik muntstukke en banknote uit** ✓

- Die SARB het die alleenreg in Suid-Afrika om banknote en munte te produseer, uit te reik en indien nodig te vernietig. ✓✓
- Die SA Munt Maatskappy, ondergeskik aan die sentrale bank, produseer alle muntstukke namens die Reserwebank. ✓✓
- Die SA Note Maatskappy, nog ŉ ondergeskikte aan die bank, druk weer alle banknote namens die Reserwebank. ✓✓

**Die SARB tree op as bankier vir die regering** ✓

- Die bank hanteer 'n tjekrekening vir die regering. ✓✓
- Die bank administreer die finansiële rekeninge van die sentrale regering, asook plaaslike regerings en verskeie semi-staatsinstellings. ✓✓

**Dit dien as 'n klaringsbank om eise tussen banke te betaal**

- Die SARB hou boek van die rekeninge van onderskeie banke✓
- Die eise tussen banke word op 'n daaglikse basies gebalanseer✓
- Kliënte van Bank A deponeer tjeks van Bank B in ✓
  hulle rekeninge en hierdie tjeks moet gewissel word ✓

**Dit tree op as beskermheer van banke se kontantreserwes** ✓

- Die SARB is die beskermheer van die land se goud- en ander buitelandse reserwes. ✓✓
- Die SARB bemark ook die gouduitset van die land op internasionale markte, en betaal dan die mynhuise in Rande en Dollars. ✓✓

**Dit administreer valuta beheer** ✓

- Die bank beheer die betalings vir uitvoere en invoere, en is verantwoordelik vir die buitelandse valuta reserwes. ✓✓

**Dit is 'n lener van geld** ✓

- Indien 'n bank geld dringend benodig kan hulle voorskotte aanvra vanaf die Reserwebank.
- Die praktyk verleen dan stabiliteit in die banksektor. ✓✓

**Dit is verantwoordelik vir die monetêre beleid van die land** ✓

- Die Reserwebank en die Departement van Finansies is gesamentlik verantwoordelik vir die monetêre beleid van die land. ✓✓
- Dit beteken dat dit die kredietvlakke, die geldaanbod asook die rentekoerse in die land beheer. ✓✓

**Dit reik ekonomiese verslae uit** ✓

- Die Reserwebank publiseer statistieke en inligting in die bank se Kwartaalblad tot voordeel van alle betrokke partye wat hierdie inligting gebruik. ✓✓
  (Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte, onder-opskrifte en voorbeelde)

(Maks. 26)

**ADDISIONELE DEEL**

Wat veroorsaak bankmislukkings?

- ŉ Swak ekonomiese klimaat maak dit moeilik vir banke om winste te maak. ✓✓
- Swak en korrupte bestuur kan tot verliese lei. ✓✓
- Oormatige blootstelling aan mikro-lenings en swak krediet toekennings. ✓✓
- Swak bestuur van likwiditeit van banke en geldvloei. ✓✓
- Swak kredietbeheer, bv. deur nie die geldleners se kredietwaardigheid na te gaan nie en deur nie lenings en oortrokke fasiliteite te beheer nie. ✓✓
- Bankmislukkings kom ook voor indien die SARB nie tussenbeide tree nie. ✓✓
- Verder kom bankmislukkings ook voor indien die bankreserwes te laag is. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks. 10)

**SAMEVATTING**

Die primêre doelwit van die SARB is om die waarde van die Rand te beskerm en inflasie te beheer. ✓✓ (Maks. 2)
(Enige ander korrekte relevante samevatting)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**TOTAAL 150**